Downloaded from Stanmorephysics.com

Oppie Cape Flats
(met apologie aan Toon van den Heever)

*Alliterasie*

Oppie Cape Flats waar dit crowded is

Dit is so beknop van baie mense en shacks dat

en djy skaars die hiemel boe kan sien

jy nie die hemel bo kan sien nie.

Waa snotnies laaities haastig oor biesage

Assonansie

strate virrie karre moet saaistep
Waar die girlies nog moet rollers innie
hare innie strate loep …

Ellips : Gee 'n dromerige gevoel aan die gedig.

Waar 'n mens glattie lekke asem kan kry
nie oorrie dagga fumes innie lug …
en God van djou vegiet het!

Uitroepteken gebruik wys dat die spreker baie emosioneel is

Daa het ek opgegroei, my broe



En as ek innie propvol tronk sir
en kopvriet oo' my crimes, dan droem
ek vannie nice time:
vannie lekke disco's …
ennie daylight robberies …
ennie nice times moet Myra vannie Kriefgat!

Uitroepteken gebruik dat die spreker baie emosioneel is.

Oppie Cape Flats, waar dit crowded is
en djy glattie vêr kan sien oorrie baie shacks
(Die buttons se blou roek lat djou oë soema traan)
Daa wag my mense nog vir my,
wag al vi siewe djaar!

Uitroepteken gebruik dat die spreker baie emosioneel is

Ma as die ve'lange na my family stêk wod en
ek hoo die guard se slietels raas,

Personifikasie : Sleutels "raas". Beklemtoon harde realiteit van sy situasie.: Eerder om sy familie te hoor, hoor hy die geklingel van sleutels – wat hom herinner dat hy in die tronk is

Dan wish ek soe ek was by my laaitie
om hom te warn tien 'n liewe soes myne!
Dan soek ek in my mind al die tye
op waa ek skiefgetrap het asse laaitie.



Downloaded from Stanmorephysics.com

## Inleiding tot die gedig

Die gedig is gebaseer op ’n vroeëre Afrikaanse gedig, “In die Hoëveld” van Toon van den Heever, gepubliseer in 1939. Van den Heever se gedig handel oor ’n man wat in die myne werk, siek word en terugverlang na die Hoëveld waar sy huis is. Hy dink aan al die mooi en gelukkige herinneringe aan sy tuiste - soos die ruimte en oopheid van die Hoëveld teenoor die beklemming van die myne.

## Literere aspekte

- **Titel en subtitel:** Die titel verwys duidelik na die omgewing waarna in die gedig verwys word terwyl die subtitel na die **interteks,** Toon van den Heever se gedig “In die Hoëveld”, verwys.
- **Uiterlike bou:** Die gedig is ’n **vrye vers** - daar is nie ’n formele struktuur of rympatroon nie.

- **Inhoud**

<u>Strofe 1</u>

- Die spreker dink oor die min ruimte en hoe 'n mens sukkel om ver te sien en asem te haal, asof God van die Cape Flats vergeet het.

<u>Strofe 2</u>

Die spreker dink terug aan aspekte van sy verlede - maar aan “lekker tye”, soos in diskoteke, met swendelary ("daylight robberies”) en saam met die meisie Myra.

<u>Strofe 3</u>

Hy dink weer aan die min spasie, die rook, besoedeling en dwelmgebruik op die Cape Flats. Hy dink ook aan sy familie, en veral sy seun, wat al lank vir hom wag om huis toe te kom. Hy wens hy kon sy seun waarsku teen die lewe van ‘n gangster. Die spreker is in die trunk.

- **Interteks:** Die gedig het ’n **Intertekstuele** verhouding met 'n ouer, tradisionele Afrikaanse gedig, waarmee Fransman sy gedig laat “praat”. Anders as “Oppie Cape Flats”, is “In die Hoëveld” in **Standaardafrikaans** geskryf en het ’n vaste struktuur, maar lewer ook sosiale kommentaar. Fransman se gedig is ’n treffende voorbeeld van hoe so ’n intertekstuele verhouding tussen gedigte kan werk: alles wat die spreker in "In die Hoeveld” dink en se, vorm **kontraste** en **parallelle** met wat die spreker in die tronk sê en dink.

Downloaded from Stanmorephysics.com

- **Taalgebruik:** Die gedig is geskryf in Kaaps, wat algemeen in veral die Wes- Kaap gepraat word. Die varieteit gebruik dikwels Engelse woorde, en spelvorme en uitdrukkings eie aan die sprekers van Kaaps (soos “djy”, “kopvriet”). Die gebruik van Kaaps maak die gedig geloofwaardig deurdat dit die natuurlike taalgebruik van die spreker reflekteer, ’n taalgebruik wat gevorm is onder andere deur die soort omgewing waaruit die spreker kom.

- **Halfrym en herhaling:** Die gedig werk met spesifieke tegnieke wat tot **binding** lei, byvoorbeeld **alliterasie,** soos in “Cape Flats” en “crowded" in reël 1 en **assonansie,** soos in “snotnies laaities” in reël 3. **Herhaling,** soos “vannie" en “ennie” in strofe 2, dien ook as bindingselement.

- **Stemming:** Terwyl ’n mens kan sê die Toon van den Heever-gedig is romanties en nostalgies, met 'n ondertoon van hartseer, is “Oppie Cape Flats” eerder negatief en vol selfverwyt.

- **Punktuasie:** Die gebruik van die ellips (...) help om ’n dromerige gevoel aan die gedig te gee. Dit sluit aan by die spreker wat nadink oor sy lewe en waar hy vandaan kom.

**Glossarium**

biesage **(busy)-** byvoeglike naamwoord - bedrywige, vol bewegende motors
buttons **(drugs) -** selfstandige naamwoord - Mandrax-tablette
droem **(dream)-** werkwoord - droom
glattie **(not** of a//) - voorsetsel en lidwoord - glad nie
hiemel **(heaven)-** selfstandige naamwoord - blou lugruim (hemel)
Kaapse Vlakte (Cope **Flats)-**selfstandige naamwoord - woonbuurte/townships wat deel is van die Kaapse Metropool - maar buite die middestad op die sanderige, platter gedeeltes van die Kaapse Skiereiland. Baie mense is tydens apartheid na die Kaapse Vlakte verskuif, wat bygedra het tot van die sosiale probleme wat in die gedig ter sprake kom.
kopvriet **(**mulling around in one’s head)- werkwoord - tob oor iets
oorrie **(because of the)-** voorsetsel en lidwoord - oor die
opgegrpei **(grew up)-** werkwoord - grootgeword
saaidstep **(side step) -** werkwoord - padgee
siewe (seven) - telwoord - sewe

Downloaded from Stanmorephysics.com
snotnies laaities **(smallboys) -** byvoeglike en selfstandige naamwoord - jong seuntjies
met “snotneuse" - “snotnies”: wanneer hulle nies, spat die snot
stêk **(strong)-** bywoord - sterk
vannie **(of the) -** voorsetsel en lidwoord - van die
vegiet **(forget)-** werkwoord - vergeet

**VRAE**

1 Noem ‘n versreël in die gedig wat na dwelmgebruik verwys.
2 Daar word twee redes gegee vir hoekom ‘n mens nie ver kan sien daar waar die spreker vandaan kom nie. Noem een.
3 Hoe lank is die spreker in die tronk? Hoe weet jy dit?
4 Watter twee reëls sê vir ons dat die spreker aan die nadink is?
5 Watter twee woorde uit die volgende lys beskryf die beste hoe die spreker in die gedig voel?

| | | | |
|---|---|---|---|
| beklemd | gelowig | verlangend | hoopvol |

6 Die gedig het vier versreëls wat met ‘n uitroepteken eindig. Wat sê dit vir ons oor die gemoedstoestand van die spreker?
7 Verduidelik die personifikasie in reël 23.
8 Hoekom is die personifikasie doeltreffend?
9 In watter opsig maak strofe 1 gebruik van inversie?
10 Wat is die funksie daarvan?
11 Dink jy die spreker verdien ‘n mens se simpatie? Verduidelik jou antwoord.
12 Die gedig “Oppie Cape Flats” het ‘n ……………………. met ‘n ouer tradisionele Afrikaanse gedig, naamlik ………………………..
13 In strofe 1 dink die spreker oor die gebrek aan ………………………. en hoe ‘n mens sukkel om …………….. te sien en asem te haal, asof God van hierdie plek …………………………. het.
14 Die snotnies laaities moet virrie kare saaistep, want die strate is baie ………
15 Die mense in hierdie gebied ly aan ………..
16 “my broe” in die eerste strofe verwys na die spreke se …..
17 In strofe 2 dink die spreker terug aan aspekte van sy verlede, maar aan “lekker tye”, soos in ……………………. , met swendalary, en saam met die meisie , ……………………
18 In strofe 3 dinj hy aan sy familie, wat vir hom wag om huis toe te kom, want hy is in die ……….
19 Die plek is bekend vir …………misbruik, want dit laat jou oë sommer traan.
20 Die gedig is ‘n …….. ……….. , want dit het nie ‘n vaste rymskema nie.

Downloaded from Stanmorephysics.com

21 Verwys na strofe 2. Haal een voorbeeld van iets aangenaams waarvan die spreker van die Cape Flats kan onthou.

22 Verwys na strofe 3. **Die spreker het onlangs trunk toe gegaan**. Stem jy saam met hierdie stelling? Sê JA of NEE.

Haal uit die gedig aan om jou antwoord te motiveer.

**Memorandum**

1 nie oorrie dagga fumes innie lug …/
(Die buttons se blou roek lat djou oë soema traan)

2 Dit is so beknop van baie mense en shacks dat jy nie die hemel bo kan sien nie.

3 Sewe jaar.
Reël 20 en 21 sê vir ons dat die spreker se familie al sewe jaar vir hom wag.

4 en kopvriet oo' my crimes, dan droem /
Dan soek ek in my mind al die tye

5 beklemd verlangend

6 Hy is baie emosioneel

7 Die sleutels word 'n menslike eienskap (raas) gegee.

8 Beklemtoon harde realiteit van sy situasie.: Eerder om sy familie te hoor, hoor hy die geklingel van sleutels – wat hom herinner dat hy in die tronk is

9 'n Meer normale begin vir die strofe sou wees: *Ek het opgegroei daar waar (*en die beskrying sal dan volg).

10 Dit plaas 'n mens dadelik in die realiteit van waar die spreker grootgeword het. Dit help ook om die strofe te laat opbou tot 'n klimaks en die laaste reel dus te beklemtoon.

11 Ja. Hy toon duidelik berou, gee om vir sy seun, en het duidelik baie
swaar grootgeword.
Nee. Hy dink nog positief terug aan van sy onverantwoordelikheid dade en verdien sy straf.

12 Intertekstuele verhouding In die Hoëveld

13 ruimte/plek/spasie
ver/ die hemel
vergeet

14 besig

15 armoede.

16 Broer/maat

17 Diskoteke Myra

18 Tronk

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 19 | Dwelm | |
| 20 | Vrye vers | |
| 21 | By diskoteke / tyd met sy nooi | |
| 22 | Nee | Daa wag my mense nog vir my,<br>Wag a vi siewe djaar! |

---

Krokodil deur Johann de Lange
Vir Ina Rousseau

Die krokodil hang
aan sy gemmer oë

van die watervlak

--- oë van 'n kat

vertikaal gekeep ---

hang aan sy snoet

'n growwe stuk

boomstomp

die romp en pote

dryf roerloos

onder

Downloaded from Stanmorephysics.com

roofdier
van die water
op wag
vir die wulp
of ekster
die vet kikvors
op die kaimansblom
die bont rietpadda
met kwikbene

beweeg hy
dan trappel
die  stert en pote
'n ligvoetse
onderwaterse ballet
op land
sy maag laag
teen die sand
krink sy hake
in 'n komieklike
lomp waggle
hy lê in die son
met sy bek oop
met sy antieke
tydlose gryns
om hom klik
en gons insekte
sy lê eenkant haar eiers slu
in die grond
uitoorlê selfs
die sluwe marabou
met sy snoeperige snawel
opgesnipper

Downloaded from Stanmorephysics.com

en uitgeknip
gepoleer gepatroon
en fyn gestik
word hy iets ligs
oor ‘n vroulike
skouer geglip
maak hy oop
en toe
om allerlei kleinighede te sluk.

## BESPREKING

Die gedig is aan Ina Rousseau opgedra. Ina Rousseau is bekend vir haar natuurgedigte.

Die gedig is 'n vrye vers; geen vaste rympatroon nie en die strofes is nie ewe lank nie; die versreels is baie kort en dit wissel van een woord tot vier woorde. Tipografies word die vorm van 'n krokodil nageboots. Die gedig betrek die sigsintuig deur al die beskrywings van die krokodil. Die digter kontrasteer die krokodil se ratsheid in die water met sy lompheid op land.

STROFE 1
Die gedig handel oor die natuur. Die krokodil is 'n roofdier. Dit is ‘n gevreesde en gerespekteerde dier. Ons kry ‘n beskrywing van die krokodil; sy voorkoms. Hy is baie doeltreffend en grasieus in die water Hy versteek homself in die water; daarom is dit baie moeilik om horn te sien. Hy is op die uitkyk na prooi. Dit lyk of hy aan sy oe en snoet hang. Sy lyf word met’n metafoor aan 'n boomstomp vergelyk (metafoor). Die vorm van die oog se pupil word ook deur 'n metafoor aan die van 'n kat gelykgestel.

STROFE 2
Die krokodil is baie lomp op land. Die vroulike krokodil le haar eiers in die grond en steek dit so goed weg dat selfs die maraboe nie daarvan weet nie. . Die wyfiekrokodil word as "slu" beskryf en die "sluwe" maraboe se snawel is "snoeperig"; voorbeelde van personifikasie.

STROFE 3
Ons is nie meer in die natuur nie, maar ons is in die wêreld van mensgemaakte voorwerpe waar selfs 'n dodelike roofdier soos die krokodil getem en onderwerp kan word.'n Luukse handsak word uit krokodilvel gemaak. Die enigste ding wat die krokodil dan nog "sluk", "allerlei kleinighede" is wat vrouens in hul handsakke bêre. In die slotstrofe waar die krokodil roofdier en jagter was, word op sy beurt prooi.

TEMA
Die uitbuiting van die natuur deur die mens

WOORDESKAT
ekster (magpie) gemmer (ginger) gryns (grin) snoet (snout)
trappel (trample) vertikaal gekeep (facing upwards)
kaaimansblom (blue water-lily) kikvors (frog) komieklik (funny)

Downloaded from Stanmorephysics.com

krink (turn) lomp (clumsy) maraboe (stork) slu (cunning)
romp (body) snoeperige (greedy

VRAE

1 Watter ooreenkomste is daar tussen ‘n krokodil en ‘n kat?
2 Gee ‘n voorbeeld van ‘n aleenplasing uit die gedig.
3 Gee ‘n voorbeeld van enjambement uit die gedig.
4 Noem twee liggaamsdele van die krokodil wat onder water is.
5 Wat word die prooi van die krokodil?
6 Hoe word die krokodil 00k ‘n prooi in die laaste strofe?
7 Pas die titel by die gedig? Motiveer.
8 Bespreek die kontras tussen die krokodil in die water en op land.
9 Watter sintuig word in die eerste strofe gebruik om die krokodil te beskryf?
10 Watter les leer jy uit hierdie gedig?

1. Hoeveel strofes is daar in hierdie gedig?
2. Beskryf die rymskema in die gedig.
3. Wie is Ina Rousseau?
4. Waarom, dink jy, gebruik die digter kort versreels?
5. Verwys na die eerste strofe:

   ‘n Mens kan die hele ligaamsgedeelte van die krokodil bo die water sien.

   5.1 Sê of die volgende stelling Waar of Onwaar is.
   5.2 Haal ‘n versreël aan om jou antwoord te motiveer.
   5.3 Die krokodil word as ‘n “roofdier” vergelyk. Verduidelik die betekenis van die woord in jou EIE WOORDE.
6. Waarmee word die krokodil se liggaam vergelyk?
7. Waarvoor is die krokodil “op wag”?
8. Verwys na die tweede strofe:

Downloaded from Stanmorephysics.com
Buite die water is die krokodil baie rats.

8.1 Stem jy saam met die stelling? Sê Ja of Nee.
8.2 Haal TWEE agtereenvolgende woorde uit die tweede strofe aan om jou antwoord te motiveer.

9. In die tweede strofe word die maraboe vermenslik.
 9.1 Sê of die volgende stelling Waar of Onwaar is.
 9.2 Haal 'n WOORD aan om jou antwoord te motiveer.
10. Verwys na die tweede strofe:
 10.1 Haal 'n voorbeeld van alliterasie aan.
 10.2 Haal 'n voorbeeld van enjambement aan.
 10.3 Haal'n voorbeeld van alleenplasing aan.
11. Bespreek die wending in die laaste strofe.
12. Dink jy dat dit aanvaarbaar is om leerprodukte uit die krokodilvel te vervaardig?

 Sê Ja of Nee en motiveer jou antwoord.
13. Wat is die boodskap in hierdie gedig?

**ANTWOORDE**

1 Die pupil van altwee diere se oë is vertikaal.

Albei (altwee) is effektiewe roofdiere.

2 Onder/ roofdier

3 Die krokodil hang
aan sy gemmer oë

4 Sy romp en pote.

5 Wulp, ekster, kikvors & rietpadda

6 In die slotstrofe waar die krokodil roofdier en jagter was, word op sy beurt prooi. Die digter beskryf hoe 'n luukse handsak uit krokodilvel gemaak word. Die enigste ding wat die krokodil kan "sluk" is "allerlei kleinighede" wat vrouens in hulle handsakke bêre.

7 Ja. Die titel dui aan dat die gedig oor 'n krokodil handel. Die inhoud beskryf hoe die krokodil in water en op land lyk en optree.

8 In die water is 'n krokodil baie doeltreffend en grasieus. Op land is dit lomp

9 Sigsintuig

10 Die natuur (insluitend diere) trek altyd aan die kortste end.

1.
2. 3
3. Vrye vers – geen vaste rympatroon nie.
4. Digteres – bekend ir haar natuurgedigte.
5. Die vorm van 'n krokodil word nageboots.
6.
 6.1 Onwaar .
 6.2 die romp en pote/ dryf roerloos/onder.
 6.3 'n Dier wat ander diere jag as sy prooi/ kos
7. Met 'n boomstomp.

Downloaded from Stanmorephysics.com
8. Vir sy prooi
9.
    9.1 Nee
    9.2 Lomp waggel
10.
    10.1 Waar
    10.2 sluwe.
11.
    11.1 Met sy snoeperige/snawe
    11.2 Hy lê in die son/met sy bek oop
    11.3 snawel
12. In die slotstrofe waar die krokodil roofdier en jagter was, word op sy beurt prooi
13. Eie Mening.
14. Die uitbuiting (*exploitation*) van die natuur deur die mens

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Read & Fill in the Prepositions in the blanks**

**VOORSETSELS**

| AAN | Aantekeninge (notes) |
|---|---|
| 1. Ek dink ………… hom. | |
| 2. Ek is dankbaar ………. hom. | |
| 3. Die seun neem deel ………. sokker. | |
| 4. Die meisie is verslaaf ………. dwelms. | |
| 5.Ons skryf 'n brief ………. die pers. | |
| 6.Iemand klop ………. die deur. | |
| 7.Ons glo ………. God. | |
| 8.My broer is verloof …….. my maat se suster. | |
| 9.Die huis was ………… brand. | |
| 10.Baie mense ly ………. die virus. | |
| 11.Ons het ………. tafel gesit en eet. | |
| AGTER | |
| 1.Die dief is ………. tralies. | |
| 2.'n Meisie sit ……… my in die klas. | |
| BO | |
| 1.Die besoeker verkies koffie ………. tee. | |
| BY | |
| 1.Ons kuier ……… my ouma se huis. | |
| 2.Ons het …….. die huis gebly. | |
| IN | |
| 1.Hy stel belang ………. sport. | |
| 2.Hy is geïnteresseerd ………. sport. | |
| 3.Ons woon …………die stad. | |
| MET | |
| 1.Die gesin gaan ………. vakansie. | |
| 2. My broer trou …….. my maat se suster. | |
| 3.Hy wens my geluk ………. my sukses. | |
| 4.Ma was teleurgesteld ………. my gedrag. | |
| 5.Gooi om ………. die klip. | |
| NA | |
| 1.Hy aard ………. sy pa. | |
| 2.Hy verlang ………. sy ouers. | |
| 3.Die vrou soek ……….. haar sleutels. | |
| 4……….. skool gaan hy na sy ouma. | |
| 5.Ons luister ……….goeie musiek. | |
| OM | |
| 1.Die drenkeling het ….. hulp geskree. | |
| 2.Skool begin presies ………. agtuur. | |
| 3.Die winkel is ……. die hoek van die straat. | |
| 4. Sy doen aansoek ………. die vakante | |
| betrekking. | |
| ONDER | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| 1.Die rondloper slaap ………. die brug. | |
| 2.Die man is ………. verdenking vir die moord. | |
| 3.Die motoris het ………. die invloed van alkohol gery. | |
| OOR | |
| 1.Leerlinge kla ………. baie tuiswerk. | |
| 2.Die seun is skaam …….. sy gedrag. | |
| 3.Ouers is bekommerd ………. Hul kinders se vordering in skool. | |
| 4. Ons loop ………. die brug. | |
| 5.Sy het …….. dwelms gepraat. | |
| OP | |
| 1.My ouers is trots ……… my sukses. | |
| 2.My maat was jaloers ………. my sukses. | |
| 3.Hy is verlief ………. my maat se suster. | |
| 4.Die polisie het die inbreker ………. heterdaad betrap. | |
| 5. Ons is ………. pad skool toe. | |
| 6. Die leerlinge is nou ………. skool. | |
| 7.Hulle het die werk ……… hulle gemak gedoen. | |
| 8.Hulle woon ………. 'n dorp. | |

| | |
|---|---|
| PER | |
| 1.Ons het ……….. motor/bus/trein/skip/ | |
| vliegtuig na ons bestemming gereis. | |
| 2. Sy het die koppie ………. Ongeluk gebreek. | |
| | |
| TE | |
| 1.Ek gaan ………. voet skool toe. | |
| 2.Die boer ry ……….. perd op sy plaas rond. | |
| | |
| TEEN | |
| 1.'n Prent hang ……….die muur. | |
| 2.Ek eet die kos ………. my sin. | |
| 3.Die motoris ry ………. 'n hoë snelheid. | |
| | |
| TEN | |
| 1…….. spyte **van** die reën het hulle skool toe gegaan. | |
| 2.Ons is ……….gunste **van** tuiswerk. | |
| | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| TOT | |
| 1.Die moordenaar is ……… lewenslank | |
| tronkstraf gevonnis. | |
| 2.In Indië is die verkragters ………. die | |
| dood veroordeel. | |
| 3……….. my verbasing het my ouers ‘n partytjie **vir** my gereël. | |
| 4.Hulle sal getroud bly ……….. die dood hulle skei. | |
| | |
| UIT | |
| 1.Leer dit ………. jou kop. | |
| 2.Sy loop **by** die deur ………. | |
| 3.Sy doen dit ………. afguns/jaloesie. | |
| | |
| VAN | |
| 1Ek hou ……… roomys. | |
| 2.Ek is ………. plan om verder te studeer | |
| 3.Sy huil ………. vreugde. | |
| 4.Die inbreker is beskuldig ……….. | |
| Inbraak , en is **tot** tien jaar tronkstraf gevonnis. | |
| | |
| VIR | |
| 1.Die man is lief ………. sy vrou. | |
| 2.My ouers was kwaad …….. my. | |
| 3.Die seun het ……….. die slang geskrik. | |
| 4.Ons was bang ………… die eksamens. | |
| 5.Een ………. een het ons **by** die deur uitgestap. | |
| | |
| VOOR | |
| 1.Sy kuier **by** haar ouma ………. sy skool toe kom. | |
| 2.Die blomtuin is ………. my huis. | |

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

READ! READ! READ! Study & complete table

**MEERVOUDE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| KORT KLANKE | a(d**a**m) | **e**(p**e**n) | **i**(g**i**f) | **o**(b**o**s) |
| **u**(st**u**k) | | | | |
| LANG KLANKE | **aa**(pl**aa**s) | **ee**(b**ee**n) | **oo**(b**oo**m) | **uu**(m**uu**r) |
| DUBBELKLANKE | **oe**(b**oe**k) | **eu**(d**eu**r) | **ui**(h**ui**s) | **ie(**r**ie**t) |
| KONSONANTE | Die ander letters van die alphabet. | | | |

| **Woorde met 'n kort klank + 1 konsonant aan die einde.** | | **Woorde met 'n lang klank + 1 konsonant aan die einde.** | |
|---|---|---|---|
| t**a**k | tak**ke** | Vraag | vrae |
| m**a**n | | Sk**aa**p | sk**a**pe |
| h**e**k | | Kr**aa**l | |
| m**e**s | | D**ee**l | |
| kl**i**p | | bakst**ee**n | |
| b**o**k | | R**oo**s | |
| k**o**p | | Sk**oo**l | |
| toneelst**u**k | | V**uu**r | |
| r**u**g | rûe/ | Sk**uu**r | |
| br**u**g | brûe/ | | |
| dag | dae | | |
| stad | stede | | |
| pad | paaie | | |
| skip | skepe | | |
| glas | glase | | |

| **Woorde wat eindig in dubbelklanke.** | | **Dubbelklanke in die middel** | |
|---|---|---|---|
| klou | klou**e** | | |
| vlei | | voet | voet**e** |
| | | huis | |
| **-ë** | | reus | |
| tree | tree | duin | |
| drie | | dier | |
| vlieg | | muskiet | |
| ploeg | | | |
| oog | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| knie | | | |
| **Woorde wat op f eindig** | | **-te** | |
| br**ie**f | brie**we** | bruilof | bruilof**te** |
| d**ui**f | | vrag | |
| dr**ui**f | | Lig | |
| st**oo**f | sto**we** | vrug | |
| st**o**f | sto**wwe** | gesig | |
| s**i**f | | gewig | |
| str**a**f | | nag | |
| hof | | produk | |
| | | distrik | |
| | | Kis | |
| | | masjinis | |
| | | | |
| **-‘s** | | -se | |
| Ma | ma**’s** | sekretaris | sekretaris**se** |
| Pa | | betekenis | |
| taxi | | gebeurtenis | |
| foto | | bibliotekaris | |
| radio | | bekommernis | |
| skadu | | | |
| | | | |
| -**hede** | | **-ens** | |
| besig**heid** | besig**hede** | nooi | |
| moontlik**heid** | | hawe | nooi**ens** |
| moeilik**heid** | | lewe | |
| waar**heid** | | vrou | |
| besonder**heid** | | gevoel | |
| | | Wa | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| -**s** | | **-ers** | |
| maat | maat**s** | kind | Kind**ers** |
| arm | | kalf | Kalf |
| vinger | | Lam | Kal**wers** |
| piering | | goed | goeters(things) |
| oom | | goed | goedere(goods) |
| | | | |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**READ! READ! READ! Study given info & complete exercise on page 19**

***TYE***

Dit is noodsaaklik (baie belangrik) dat ons die reëls van die verskillende tye leer en dat ons hulle kan toepas (apply). As ons nie die reëls ken nie, gaan ons woordorde verkeerd wees en ons paragrawe swak.
As ons die reëls van die Teenwoordige Tyd, (Present Tense), die Verlede Tyd (Past Tense) en die Toekomende Tyd (Future Tense) goed verstaan, sal alles vir ons duideliker (clearer) en makliker (easier) word. Kom ons probeer!

---

1 Kom ons kyk hoe die gewone sin wat in die **Teenwoordige Tyd** is in die **Verlede en Toekomende Tyd** verander

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Jan slaap. | Jan het geslaap. | Jan sal slaap. |
| Susan drink water. | Susan het water gedrink. | Susan sal water drink. |
| Ek eet die appel. | Ek het die appel geëet. | Ek sal die appel eet. |

In die Verlede Tyd gebruik ons het na die **onderwerp** en ons sit 'n ge vooraan die werkwoord. Die werkwoord gaan aan die einde van die sin.
In die Toekomende Tyd, gebruik ons sal na die **onderwerp** en die werkwoord gaan aan die Einde van die sin

---

2 **Sinne met HET**
In die bogenoemde sinne het ons die woord **HET** saam met die **werkwoord** gebruik om die Verlede Tyd te vorm. In die volgende sinne word **HET** gebruik om aan te dui dat iemand iets besit.

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek het 'n rooi pen. | Ek het 'n rooi pen gehad. | Ek sal 'n rooi pen hê. |
| Ek het baie werk. | Ek het baie werk gehad. | Ek sal baie werk hê. |

3 **Sinne met IS**
In die Verlede Tyd verander die werkwoord **IS** na **WAS** en in die Toekomende Tyd word die werkwoord **SAL** …………………………………**WEES.**

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek is baie moeg. | Ek was baie moeg. | Ek sal baie moeg wees. |
| Ek is bly oor my nuwe fiets. | Ek was bly oor my nuwe fiets. | Ek sal bly oor my nuwe fiets wees. |

**4** **Sinne met werkwoorde met die prefiks :** be; ge ; her ; er ; ont ; ver
Die werkwoord kry nooit 'n **ge** in die Verlede Tyd

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek bedank die kelner. | Ekhet die kelner bedank. | Ek sal die kelner bedank. |
| Sy herken haar ou vriendin. | Sy het haar ou vriendin herken. | Sy sal haar ou vriendin herken. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

---

**5 Sinne met die hulpwerkwoorde met die prefiks :** kan, moet en wil

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Kan | kon | sal ……………kan |
| moet | moes | sal ……………moet |
| Wil | wou | sal ……………wil |

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Hy kan vinnig hardloop. | Hy kon vinnig hardloop. | Hy sal vinnig kan hardloop. |
| Jy moet jou tande borsel. | Jy moes jou tande borsel. | Jy sal jou tande moet borsel. |
| Ek wil die water drink. | Ek wou die water drink. | Ek sal die water wil drink. |

---

**1 Sinne met die werkwoord wat in die Teenwoordige Tyd uit twee dele bestaan.**

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Die man staan op. | Die man het opgestaan. | Die man sal opstaan. |
| Die dief hardloop weg. | Die dief het weggehardloop . | Die dief sal weghardloop. |
| Hy tel die papier op. | Hy het die papier opgetel. | Hy sal die papier optel. |

---

**7 Sinne met Twee Werkwoorde**

**Twee** werkwoorde in **EEN** sin. Twee werkwoorde maar een gedagte. Die tweede werkwoord kry **nie** ‘n ge in die Verlede Tyd **nie**.

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Sarie sê dat sy ‘n koek bak. | Sarie het gesê dat sy ‘n koek bak. | Sarie sal sê dat sy ‘n koek bak. |
| Ek bak ‘n koek en praat met my vriendin. | Ek het ‘n koek gebak en met my vriendin gepraat. | Ek sal ‘n koek baken met my vriendin praat. |

Skryf die volgende sin eers in die **Verlede Tyd** en daarna in die **Toekomende Tyd**.

1 Ons **swem** in die dam.
2 Hy **loop** na die dorp toe.
3 Sy **moet** die hemde **stryk**.
4 Koos **kan** die motor **was**.
5 Hy **is** baie jaloers.
6 Taryn **wil** die voëltjie **koop**.
7 Die gesin **geniet** die vakansie.
8 Andre **speel** met sy sussie.
9 Ouma **brei** ‘n trui.
10 Ek **doen** my tuiswerk.

1 Die baba **is** baie vaak.
2 Ons **moet** in die reën **loop**.
3 Sy **het** ‘n hoofpyn.
6 Ek **beantwoord** die vrae.
7 Die seun **bestuur** sy pa se motor.
8 Sarie **is** in die moeilikheid.

Downloaded from Stanmorephysics.com

4 Arno **kan** sy taak **voltooi**.
5 Rina **het** 'n nuwe motor.
9 Ek **is** baie bly**.**
10 Ons **skryf** eksamens in die saal.

1 Jannie **moet** in die bed **bly**.
2 Die dokter **gee** 'n pil vir die pasiënt.
3 Die kinders **wil** huis toe **gaan**.
4 Ek **is** baie opgewonde.
5 Hy **wil** na die strand toe **gaan**.
6 Die verpleegster **is** kwaad vir die kind.
7 Die meisie **het** pragtige, rooi blomme.
8 Ons **hou** baie van skool.
9 Sy **kan** die vakansie **geniet**.
10 Hulle **moet** vinnig **ry**.

1 Ek **het** 'n seer kop.
2 Hulle **het** baie werk.
3 Hoe laat **is** dit ?
4 Wat **sien** ek ?
5 Ek **spring** oor die klippe.
6 Ons **rus** elke dag.
7 Ek **lui** die klok.
8 Ek **stap** deur die veld.
9 Ek **sien** 'n haas.
10 Ek **vang** 'n volstruis.

1 Ek **hardloop** deur die bos.
2 Koos **klim** in die boom.
3 Die leeu **kyk** na my.
4 Ons **het** 'n huisie in die bos.
5 Sy **het** 'n groot geweer.
6 Jan **koop** 'n sebra.
7 Die kameelperd **drink** water.
8 Ek **is** life vir die bosveld.
9 Jan **is** 'n beroemde jagter.
10 Leeu **het** 'n baie sagte stem.

1 Haas se kop **is** vol planne.
2 Leeu **is** baie dors en vaak.
3 Ek **moet** deur die veld **loop**.
4 Ons **wil** deur die bos **loop**.
5 Die leeui **kan** sy ore plat **trek**.
6 Leeu **is** baie gevaarlik**.**
7 Leeu **het** groot pote en 'n groot kop.
8 Hy **kan** oor die klippe **spring**.
9 Andre **moet** die kameelperd **teken**.
10 'n Mens **moet** die waarskuwingstekens ken.

1 Ons **gebruik** 'n goeie voertuig
2 Deon **vertel** die storie van die haas.
3 Hy **onthou** die naam van elke voël.
4 Die jagter **erken** sy fout.
5 Haas **gebruik** die heuning.
6 Sy **onthou** die ou maanhaar.
7 Die program **begin** om agtuur.
8 Koos **vertel** die storie van haas en skilpad.
9 Ons **onthou** die reëls in die park.
10 Sy **herken** die haas met die een oor.

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

**<u>READ! STUDY! Complete Table</u>**
**<u>TRAPPE van VERGELYKING</u>**

| **STELLENDE TRAP** | **VERGROTENDE TRAP** | **OORTREFFENDE TRAP** |
|---|---|---|
| | | |
| | **gewoonlik +er** | **gewoonlik +ste** |
| | | |
| **Kort Vokaal** | -er….. as | die …..-ste |
| dof | dowwer as | dofste |
| laf | | |
| grof | | |
| glad | Gladder | |
| dik | Dicker | |
| mak | | |
| slim | | |
| dom | | |
| nat | | |
| vet | | |
| maklik | Makli**k**er | |
| moeilik | | |
| vreeslik | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Lang Vokaal** | | |
| doof | D**ow**er | |
| gaaf | | |
| skeef | | |
| laat | L**a**ter | |
| wreed | | |
| bleek | | |
| skoon | | |
| groot | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Woorde wat eindig op r** | | |
| | | |
| ver | Ver**der** | |
| donker | | |
| dapper | | |
| duur | | |
| suur | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| maer | | |

| **Lang Vokaal eindig op g** | | |
|---|---|---|
| laag | Laer | |
| leeg | Leer | |
| moeg | Moër | |
| vroeg | Vroeër | |
| hoog | Hoër | |
| droog | Droër | |
| **Kort Vokaal met g/k** | | |
| lig | lig**ter** | |
| sag | | |
| dig | | |
| sleg | | |
| geskik | | |
| **Lang Vokaal eindig op d** | | |
| breed | bre**ë**r as | |
| oud | ouer as | |
| koud | | |
| wyd | wyer | |
| kwaad | kw**ater** | |
| **S** | | |
| trots | trots**er** | trots**ste** |
| jaloers | | |
| vars | | |
| fris | fri**ss**er | frisste |
| dwaas | dw**a**ser | |

| | | |
|---|---|---|
| goed | beter as | die beste |
| min/bietjie/weinig | minder as | die minste |
| baie/veel | meer as | die meeste |
| lank | langer as | die langste |
| jonk | jonger as | die jongste |
| nuut | nuwer as | die nuutste |
| graag | liewer as | die graagste |
| dikwels | meermal as | meestal |
| naby | nader as | die naaste |

Woorde wat eindig in 'n –**e** kry gewoonlik **meer** en **mees**

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| opgewone | meer opgewonde | mees opgewonde |